# KOERSVAS

Jaargang 8 Uitgawe 174 17 Januarie 2020




In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

Hou by jou lees

Ons staan aan die begin van die derde dekade van die 21e eeu. Dit voel soos gister dat Y2K die groot bedreiging in terme van rekenaars en tegnologie was. Tog, 1999 het foutloos oorgeskakel na 2000. Die les; daar sal altyd spoke uit die toekoms die hede die skrik op die lyf jaag. Daar sal altyd die toekomsprofete wees wat positief is, en die doemprofete wat pes, armoede en ellende voorspel.

Dit sou wonderlik wees om te kon beweer dat ons nie van koers gewaai word deur die warm lug van spekulasie nie. Die werklikheid is egter dat ons ons ore uitleen aan hierdie kwaksalwers van tyd omdat ons self ook vasgevang is in die onsekerheid van die geestesklimaat. Daar is so baie perspektiewe; soveel goëlaars wat ons met hulle illusies begogel. Die toekoms is so duister soos die donkermaan en die klimaatsveranderings.

Daar is 'n ooraanbod van inligting en opsies. Daar is veral twee rakkers wat ons op sleeptou neem. Tegnologie se vordering maak dat die tsunami van visuele (veral CGI - computer-generated imagery) argumente en die internet ons sensoriese ervarings en denkstrome oorspoel. Google en YouTube is die instrumente wat aan elke draghoender en ambrakel sy seepkissie gee.

Die inligting kom vinnig - met die pretensie dat dit alles waar is - na ons toe. Die goegeloer (Googloer?) soektog na CGI het "*Omtrent 963 000 000 resultate (0,61 sekondes*)" gelewer, amper 'n miljard opsies in bietjie meer as 'n halwe sekonde. Daar is 'n grappie wat ons verleentheid opsom. *Tydens die argument stel die man dat hy iets weet. Sy vrou se vraag: "Weet jy dit of Google weet jy dit*?"

Mense met kwade bedoelings sny snitte uit video opnames wat hulle ideologie oordra, terwyl die volle video opname juis die teendeel oordra. Dit is nie net die selektiewe gebruik van visuele media wat verwar nie. Die nuutste rekenaar tegnologie maak dit moontlik om 'n video greep te genereer wat totaal deur die rekenaar geskep is, en tog nie onderskei kan word van 'n werklike video opname nie. Sien is nie meer glo nie.

Ons kom juis uit 'n era waar die tirannie van die kundiges ons opstandig gemaak het. Ex katedra is daar stellings gemaak wat die gewone, onkundige volk net gelate moes aanvaar. Die nuwe ooraanbod van inligting - waar en vals - kan mens so deurmekaarmaak soos 'n verkleurmannetjie tussen 'n klomp Smarties. Om die waarheid te vind, om die regte inligting te kry, kos nou

harde werk. Dit is nie altyd ewe maklik nie. Wie heuning wil eet, moet steke verdra.
Die spreekwoord "*skoenmaker hou jou by jou lees*", spreek op 'n vreemde manier tot ons. 'n Lees is 'n instrument van hout of metaal wat op die menslike voet geskoei is. Skoene word op 'n lees gerek of herstel. In die huidige konteks word ons gewaarsku om nie beskikbare inligting met beheerbare of beheerde inligting te verwar nie. Dit gaan 'n leeftyd kos om alle bronne van een enkele soektog deur enige soek-enjin op die internet na te gaan. Buitendien is ons aan die algoritme (reëls van soektog vir die sagteware geskryf) van 'n programmeerder uitgelewer. Politieke belange en adverteerders se geld het 'n invloed op die voorkeure en volgorde wat aangebied word deur die soek-enjin. Anders gestel; ons word nie meer ex katedra vertel nie, ons word subtiel gestuur. Dit is daarom gerade om ook die nuwe inligting met 'n knippie sout te neem en nie onsself te sien as die weet-alles van die inligting era nie. Nie eens die beste YouTube video of mediese webwerf gaan jou diagnose kan verseker nie. Die enigste plek om daardie voorskrif te kry, bly maar die dokter se spreekkamer.
Al is dit is moontlik om herstelwerk aan selfs motors of elektriese ware te doen met die hulp van 'n video, is nie alle videos nuttig nie. Daar is videos waarvan die inhoud so oortuigend gemanipuleer is dat ons op 'n dwaalspoor kan beland.
In die vorige era was die inligting waaroor ons beskik het belangrik. In die inligting-era gaan dit belangrik wees om die ooraanbod van inligting oordeelkundig te sif en te hanteer. Goeie oordeel en onderskeidingsvermoë blyk die beste lees vir die toekoms te wees.

Johan Otto Januarie 2020

**BEROEPE NUUS: KOSTER**

Ds Lewis Strauss (emeritus) is na Koster beroep. Hy het die beroep aanvaar en is op 11 Januarie 2020 in die gemeente bevestig. Geluk aan hom en die gemeente met die nuwe pas wat voorlê.

**VERSOEKE UIT DIE WILGE (POTCHEFSTROOM)**

Ons hier by Die Wilge-gemeente het dringend 'n bussie in 'n padwaardige toestand nodig om die Geloofsbond studente te kan bedien. Die kerk is 6 km van PUKKE af. Wie kan help? Skakel met ds. Wolmarans.
Stuur asseblief die name en kontak-besonderhede van al julle gemeente se jongmense wat hulle hierdie jaar in Potchefstroom bevind. Ons is gereed om hulle besig te hou.

**BESTUUR VERGADER**

Die GHG bestuur vergader Vrydag 24 Januarie 2020. Verskeie sake is op die Agenda, waaronder die stand van sake ten opsigte van die hofgeding.
Lidmate wat enige saak onder die aandag van die bestuur wil bring, word versoek om die skriba te kontak fransnhk@gmail.com.

**BLOEMFONTEIN BEDIENING**

Predikante wat bevoorreg genoeg is om 'n Sondag of twee af te hê, word versoek om Bloemfontein te oorweeg as 'n Sondag stop waartydens daar saam met ons mense erediens gehou kan word. Jy kan preek en rustig verder reis saam met jou gesin. Kontak
Oudl. Das Steyn 078 440 9104 of
Basja & Mientjie Geyser 082 329 0239

**. BYBELVASVRA 2020**

Gemeentes word aangemoedig om aan die Bybelvasvra van die Bond deel te neem. Hierdie is ‘n wonderlike geleentheid om jou Bybelkennis uit te brei en saam met mede-gelowiges die Woord te bestudeer.

Die bestek vir 2020 is as volg:

Algemene Bybelkennis - 50%

2 Petrus (3 Hoofstukke met 61 verse) - 50%

**LEWENSBROOD 2020**

Die boek is nou beskikbaar en by die meeste gemeentes afgelewer. Ons dank aan almal betrokke by hierdie gehalte produk

**GELOOFSBONDPREKE**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na http://www.geloofsbond.org.za/ (sien skermfoto hier onder.)

Daar is ook weekliks nuwe preke op ***whatsapp*** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

**OORNAG FASILITEITE**

**Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !

Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek

- naby hospitaal en besighede-

Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers

Etes en wasgoed op afspraak

Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**

Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

**ella@teamworkprinters.com**



2019/2020 Kwilt deur die dames van Vivo/Dendron

Maak seker u gemeente het lootjie lyste ontvang.

Alle gemeentes word genooi om deel te wees van die jaarlikse projek.